HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

24 Augustus 2020

Nuusbrief aan ouers, leerders en personeel

Geagte ouers, leerders en personeel

Ons vertrou dit gaan goed onder die ongewone omstandighede met julle. Die meeste leerders is tans terug by die skool en ons vertrou dat hulle die dae wat hulle by die huis bly, hulle voorberei vir die komende eksamen en toetsreeks.

1. **Covid-gevalle**
   Ons het gister die nuus gekry dat een van ons onderwysers positief getoets het. Die nodige protokol is toegepas. Al die leerders wat by die persoon klas het en die personeel, is reeds in kennis gestel.

   'n Leerder se ouers het ons Vrydag in kennis gestel dat die leerder positief getoets is. Al die betrokke onderwysers, die leerder se klasmaats en vriende is in kennis gestel.

   Daar is ouers wat positief toets en die protokol is dat die leerders vir 10 dae in isolasie gaan.

   Ons moet asseblief die Covid 19-regulasies nougeset toepas en sorg dat ons gesond bly.
   - Dra van maskers is ten alle tye verpligtend. Leerders moet asseblief wanneer hulle op- en afgelaai word, ook hulle maskers dra. Ouers klim middae uit hulle motors om ander ouers te groet en sommige het dan nie 'n masker aan nie. Leerders en personeel dra nie hulle maskers oor die neus nie.
   - Handhawing van sosiale afstand van 1,5m is baie noodsaaklik. Leerders moet dit asseblief ook met klaswisseling toepas.
   - Die gereelde was en sanitering van hande is uiters belangrik.
   - Nies en hoes asseblief in die waai van jou arm.
   - Saniteer die areas wat jy gebruik.

Sielkundige dienste

Indien enige persoon bewus is van 'n ander persoon wat emosioneel sukkel om die huidige situasie te hanteer, moet dit asseblief onder die betrokke graadhoof, adjunkhoof of my aandag gebring word. Ons het die nodige sielkundige dienste tot ons beskikking en sal graag wil help.

2. **Eksamen**
   2.1. Die matrieks se eksamen begin op 14 September en eindig 8 Oktober. Die matrieks sal hulle rapporte op Vrydag 23 Oktober ontvang. Dit sal ook die laaste dag van die matrieks wees en ons beplan om vir hulle iets spesiaal vir die dag te reël.
   2.2. Die gr. 8 tot 11 leerders skryf 'n mini-eksamen van 12 – 23 Oktober. Ons beplan om 10 November met hulle eindeksamen te begin en dat hulle eksamen teen 4 Desember sal eindig.
   2.3. Die rapporte (gr. 8 en 9) van die eerste kwartaal sal teen Vrydag 4 September 2020 beskikbaar wees.

3. **Ouervergaderings**
   3.1. Graad 11
   Die gr. 11-ouers se inligtingsessie sal Donderdag 27 Augustus om 17:30 op die skool se webtuiste beskikbaar wees. Die skakel/link sal teen Dinsdag 25 Augustus aan ouers gestuur word.
   3.2. Graad 10
   Die gr. 10-ouers se inligtingsessie sal Donderdag 3 September om 17:30 op die skool se webtuiste beskikbaar wees. Die skakel/link sal teen Dinsdag 1 September aan ouers gestuur word.

4. **Beheerliggaamtussenverkiesing**
   Ons het 'n tussenverkiesing vir 8 April 2020 beplan. Die grendelperiode is op 28 Maart afgekondig en die tussenverkiesing kon nie plaasgevind nie. Die inperkings maatreëls het ons gedwing om na 'n alternatiewe manier van verkiesing te gaan kyk. **Fedsas** en **Voting Crowd (Mnr. Jaco Pretorius van Mosselbaai)** het 'n lootsprojek van stapel gestuur. Tien skole in Suid-Afrika, waarvan Hoërskool Outeniqua deel is, gaan in die volgende maand aanlyn verkiesings hou.

   Hoërskool Stellenbosch het in 2018 met die verkiesing van hulle beheerliggaam 'n soortgelyke aanlynstelsel gebruik en teen 10:00 die oggend het 70% van hulle ouers reeds gestem. Die aanlynverkiesing skep in hierdie tyd 'n veiliger omgewing en ouers hoef nie hulle tyd te gebruik om na die skool te kom om te stem nie.

   Die verifiering van die uitslae is ook baie makliker as met die ou stelsel. Die programmatuur is so opgestel dat met die druk van 'n knoppie die rekenaar die stemme tel. Die uitslae van die verkiesing sal ook binne 'n uur nadat die verkiesing gestop het, beskikbaar wees. **Die persoonlike inligting van elke persoon word ook deur 'n kontrak tussen die skool en Voting Crowd beskerm**. Die program is ook geskryf dat geen ouer of wettige voog vir 'n tweede of derde keer kan stem nie.

Die volgende stappe moet nog afgehandel word:

1. Nominasies van kandidate moet voor of op 25 Augustus 2020 om 14:00 by die skool ingedien word. Nominasievorms is by die skool of kiesbeampte beskikbaar. Die nominasievorm kan ook op die skool se webbladsy gekry word. **Genomineerdes moet asseblief 'n verkorte cv en foto teen Woensdag 26 Augustus 14:00 na itsupport@outeniqua.co.za stuur.**
2. Indien ouers nie internet toegang het nie, kan hulle deur die loop van **1 September 2020** vanaf 08:00 tot 17:00 in die rekenaarlokaal K35 gaan stem. Die normale Covid-regulasies van maskers dra, skandering en sosiale afstand moet gehandhaaf word. Ouers kan ook van die skool se wifi in die parkeerarea gebruik maak. Dan hoef hulle nie deur die skanderingsproses gaan nie.

3. Ouers gaan na www.votingcrowd.co.za en stem.
4. Elke ouer sal 'n unieke password via sy/haar epos ontvang. Die ouers gebruik sy/haar ID-nommer en die unieke password om toegang tot die verkiesingsblad te verkry.

5. Sosiale media

5.1. Ons maak almal gebruik van sosiale media. Indien onderwysers WhatsApp-groepe vir klasse skep, is slegs die onderwyser en die twee klasleiers/leiers as die administrateurs van die groep. Slegs die onderwyser en die twee leerders kan artikels op die groep plaas. Dit sal verhoed dat leerders ongewenste kommentaar op groepe lewer en dat ongewenste karakters op die groepe toegelaat word.

Vriendelike groete

C. P. Vorster
Skoolhoof